Untitled Document

Die Bronberg word vir miljoene jare reeds bewoon. Klipgereedskap, wat meer as twee miljoen jaar oud

Die Steentydperk strek van ongeveer 2,5 miljoen jaar gelede tot ongeveer 3500 vC en bestaan uit

Oldowan-gereedskap is in die Vroeë Steentydperk gebruik en die naam kom van die plek waar die
Die meeste paleoantropoloë stem saam dat die vroeë *Homo* -fossiele ontdek is verantwoordelik was vir die Oldowan





Die Bronberg Bewarea sê dat dié klippe tekens van primitiewe afvlakking uit die
*Foto: Bronberg Bewarea*

Knap 50 km vanaf die Bronberg-gebied is van die bekendste fossielterreine in die wêreld: Sterkfontein, Krugersdorp, Swartkrans en Kromdraai waar fossiele van prehistoriese menstipes gevind is.

Daar is tot dusver geen sulke menstipes in die Pretoria-omgewing gevind nie, maar daar is duidelike tekens van die mens se bewoning en benutting van die gebied so ver terug as die Vroeë Steentydperk. So sê Anton Carl von Vollenhoven in ‘n tesis wat hy vir sy argeologie-graad aan die Universiteit van Pretoria geskryf het.

Sy tesis is genaamd ’n Voorgestelde paradigma vir navorsing op histories-argeologiese erfenishulpbronterreine in Suid-Afrika aan die hand van gevallestudies in noordelike Gauteng.



Volgens die Bronberg Bewarea dateer latere klip-gereedskap in die bewarea uit die Middel Steentydperk
*Foto: Bronberg Bewarea*

Vroeë

Anton sê dat twee Vroeë Steentydperkterreine rondom Pretoria bekend is: Die Vroeë Acheulterrein by die Willem Prinsloo Landboumuseum naby Rayton en ’n Laat Acheulterrein by Wonderboompoort.

Die klipwerktuigkultuur se internasionale benaming is ‘Acheuliese kultuur’ na aanleiding van Saint-Acheul, ’n dorpie in Frankryk waar soortgelyke werktuie eerste gevind is.

Soortgelyke werktuie is wes van Pretoria by die Magaliesrivier, op die suidelike hange van

die Magaliesberg en ook noord van die Magaliesberg in Akasia gevind.



Klipgepakte sirkelstrukture op die berg in die Bronberg Bewarea
*Foto: Bronberg Bewarea*

Die Steentydperk, wat ’n era van meer as ’n miljoen jaar dek, word juis so genoem omdat dit verwys na die eerste keer, ongeveer 2,5 miljoen jaar gelede, dat gereedskap wat uit klip vervaardig is, gebruik is. Vir meer as een miljoen jaar was die styl van die gereedskap baie eenvoudig en is die minimum veranderings en verbeterings daaraan aangebring.

Daar word beraam dat die eerste mensgemaakte struktuur ongeveer twee miljoen jaar gelede in Afrika gebou is. Dit het bestaan uit eenvoudige rangskikkings van stene om takke in sekere posisies te hou. Kringvormige kliprangskikking van sowat 500 000 jaar oud is ook ontdek.



Nog een van vele klipstrukture in die Bronberg Bewarea, wat later jare in die Engelse Oorlog met die oploop na die slag van Witpoort gebruik is
*Foto: Bronberg Bewarea*

Middel

Volgens Anton se tesis is daar drie terreine uit die Middel Steentydperk, wat sover as 200 000 tot 300 000 jaar gelede terugstrek, rondom Pretoria. Twee daarvan kom in die Bronberg voor en dan is daar ook ’n grot in Erasmusrand, waar Middel Steentydperkwerktuie opgegrawe is.

Dié soort werktuie is op verskeie ander plekke rondom Pretoria opgetel: Die Groenkloof Natuurreservaat; die Akasia-gebied; die Willem Prinsloo Landboumuseum; wes van Wonderboomnek; en die Pioniersmuseum.







[illegible]



